

### ***Selfs in die ouderdom dra God ons***

Waar die lewe die afgelope jare met soveel ontwrigting, vreemd en anders om ons geword het, kan dit vir baie voel of God sy hand van ons weggevat het. Waar ek my 'n las vir die kinders voel; die lewe sy bekoring verloor het, voel dit of God my vergeet het. Met die beloftes van sy Woord in ons ore weet ons egter dat sy trou en liefde nooit van ons sal wyk nie - selfs nie in onrustye of in die aftakeling van die ouderdom nie.

Israel moes vir 'n lang tyd die vernedering van die ballingskap verduur. Dit was Jesaja se taak om hulle in die tye te vertroos en hulle daarop te wys dat Babel se ryk besig is om ineen te stort. Hul afgode word deur moeë diere rondgesleep. Daarteenoor kom bevestig God dat Hy sy volk tot in die gryse ouderdom sal dra. Kyk waarvandaan kom God met sy volk. Hy is voortdurend oor hulle besorg. Te midde van al die omwentelinge wat ons beleef, moet ons net onthou om God te vertrou. Al weet ons nie hoe die toekoms lyk nie, ons weet Wie in die toekoms ons hand sal vat.

By die wisseling van tyd, by die opkoms en ondergang van nasies, bly God se koninkryk vasstaan. Onthou dan dat Jesus Christus se genade gister, vandag en tot in ewigheid ook vir ons (tot in die ouderdom) dieselfde is.

Sing Psalm 92:7

Dr. J.L. Venter (Pretoria-Annlin)

**2 Maart**

**Miga 2:1-13**

(Teks: 2:12,13)

***In Christus 'n herbore en gelouterde volk***

Die verkondiging van Christus se koms deur die profete is soms so duidelik en reguit dat jy Hom afgebeeld sien. In Miga 2 kom Christus na vore deur 'n boodskap: Miga sien die dreigende ballingskap, maar daarna 'n herbore volk met 'n heilsboodskap - Jesus se herbore volk.

Die profeet sien 'n volk wat in die vreemde verstrooid soos skape sonder 'n herder dwaal. In hierdie tydperk sal hulle nasionale gevoel egter gevoed word en sal van die oorblyfsels oor 'n tydperk van sewentig jaar geleidelik konsolideer en weer 'n alliansie begin vorm. Miga sien hulle dan soos skape in 'n kraal, deur God as't ware byeen gejaag. God werk met hulle, want hulle doel lê nog voor; Jesus kan immers nie in 'n Chaldese land gebore word nie. Enersyds werk God met geweld, maar andersyds herderlik met 'n eenheidsgevoel en 'n gesamentlike strewe om terug te gaan na hulle eie land. Daarom sien die profeet 'n leier onder hulle opstaan wat soos 'n bokram vooruitloop. Israel op pad terug ter wille van Christus en sy geboorte.

Die gelowiges in die kerk moet konsolideer in ware leer en volharding: Christus is weer op pad.

Dr. J. van V. du Plessis (Welkom-Noord)

### ***Die koningskap van koning Jesus***

In hierdie hoofstuk beklemtoon die profeet die almagswerk van die troue Verbondsgod weer opnuut. Hy praat weer van versamel, bymeekaarmaak waarin die gedagte van hulpeloosheid spreek omdat hulle self nie kan groepeer en kraal toe kom nie. 'n Almag van buite moet dit doen. Israel was eens die trotse nasie van goud en weelde, wat op ivoorbeddens gelê het, vet vleis uit hulle krale geëet het, wie se konings kon kus en keur uit hulle harems van byvroue. Nou is hulle selfversekerdheid gebreek.

Die Here bevestig weer sy belofte van versameling en bewaring met 'n nuwe gesigspunt, nl. dat Hy die koning sal wees op die berg Sion in Jerusalem tot in ewigheid (vers 7). Die profeet kyk verby die terugkeer van Israel met 'n Dawid van ouds na 'n Koningsgod. Daar is 'n dieper blik in die profeet se oë as hy Christus se figuur in die verte sien. Op Sion sien hy God se volk gebou op die rots Jesus, die Koning na Gods hart.

Jesus se geboorte is derhalwe meer as die idilliese krip. Ons moet die grote raaksien, die Koning van sy oorblyfsels, sy uitverkore volk wat Hy versamel. Met sy geboorte het die wenteling van die eeue gekom, die begin van die laaste dae - op weg na sy wederkoms.

Dr. J. van V. du Plessis (Welkom-Noord)

### ***Jesus se geboorte - leier en vredebrenger***

In hierdie hoofstuk kry ons 'n verdere verskuiwing, van Jerusalem na Betlehem. Jesus Christus se geboorte. Hy het gekom! So duidelik en verstaanbaar dat die kerkleiers in Jerusalem die manne uit die Ooste met Miga 5 na Betlehem kon stuur. Tog word Jesus se naam nie pertinent genoem nie. Reeds vanaf hoofstuk 2 keer op keer geteken as koning, maar nou word op tweërlei manier daarop uitgebrei.

Eerstens as leier. Op 'n koninklike wyse vind dit plaas. 'n Koning wat 'n herder is en op liefdevolle wyse sy heerskappy oor die syne beoefen. Hulle geniet dit in sy teenwoordigheid en vind daar rus en kalmte. Die beeld word weergegee as 'n koning wat nie stilstaan nie, maar in gedurige beweging is. Hy lei en gee krag.

Tweedens as vredebrenger, waarvan Hyself later sal getuig "vrede laat Ek julle na, My vrede gee Ek julle, nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie". En in Joh. 16:33: "dit sê Ek julle dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê, maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin".

Die klem in hierdie profetiese voorsegging lê nie op die datum van die geboorte nie, maar die waarheid daarvan en die ewige versoening by God.

Dr. J. van V. du Plessis (Welkom-Noord)

## 5 Maart

## Numeri 21:1-9

### ***Om die slang te sien, wek geloofsvertroue op Gods belofte***

Israel, op pad na die beloofde land, trek deur 'n suidelike gebied, warm en droog en sonder water. Die mense word opstandig, kort van draad, vol bittere klagtes en allerlei verwyte. Hulle verlang selfs na die slawerny, die vleispotte van Egipte en sy water.

God se antwoord is die stuur van slange wat brand waar dit pik en heftige ontsteking veroorsaak. Dit vererger hulle probleme en bring selfs sterftes. Vanaf die paradysdae is slange onheilsgere. Gevolglik bring dit die Israeliete tot insig dat die Here besig is om op 'n harde wyse met hulle te praat en hulle op hulle knieë te bring.

Met die koperslang, hoog opgerig, sê God vir hulle dat Hy sy verbond nie vergeet het nie. Die koperslang is nie 'n voorstelling van 'n onheilsgere nie, maar van 'n dier wat lewe gee. Die Here vergewe, hulle moet dit raaksien, hulle moet kyk en dan sal hulle lewe.

Die slang op die paal laat ons die verhoogde Christus sien, die komende Christus, die verheerlikte Christus wie soos die koper in die sonlig glinster. Elkeen wat Hom sien sal lewe tot in ewigheid.

Christus is só hoog bo die aarde, ons moet Hom raaksien. Hy skitter, Hy het die slang vermorsel.

Dr. J. van V. du Plessis (Welkom-Noord)

**6 Maart**

**Psalm 126:1-6**

(Teks: 126:5, 6)

***Uit trane word vreug gebore***

Die Israelitiese boer loop moeisaam en struikelend oor die geploegde land met die saadsak oor sy skouer. Hy strooi vars koringsaad op die goed voorbereide akker uit. Skynbaar 'n vreedsame toneel van 'n boer wat sy hart uitleef op sy wenakker en in sy drome die wuiwende graan in die wind sien buig, die goudgeel are oopbuig en laat golf as die wind daardeur suis.

Tog sing die lied dat alles nie so idillies is nie. As jy maar in sy hart kon lees. Sy hart ween, want uit die saad moet die oes kom wat sy welvaart, sy brood en botter en die voorspoed van sy gesin verseker. Sal daar genoeg reën val om 'n goeie oes te verseker? Sal somerdroogte dit verskroei of sprinkane soos 'n wolk neersak en alles verteer?

Wanneer die sekels egter in die son blink en haal na haal die ryp koring neervel, dan het die boer se lot verander. Sy hart is vol lag en dankbaar juig hy tot eer van die Here.

Uit trane word vreug gebore. Trane want die mensheid buk onder die geërfde sondelas van sy eerste voorouers. Onder trane moet hy sy roeping op aarde vervul. Maar in die voorsegging van die koms van Jesus Christus is sy lot verander en beseël. Met Christus se geboorte het die groot Versoener die trane afgedroog en die gejuig van die Koninkryk van God laat opgaan.

Die trane wat die aardse kommer veroorsaak, verdwyn nou in die feestelikheid van God se koninkryk.

Dr. J. van V. du Plessis (Welkom-Noord)

7 Maart

2 Samuel 21:1-14

(Teks: 2 Samuel 21:10)

***Rispa se moederliefde. Jesus se koms God se vader-liefde***

Die Gibeoniete was al die jare die waterdraers en die houtversamelaars van die Jode. Toe het Saul om een of ander duister rede van hulle gedood. Ongeveer 25-30 jaar daarna, in Dawid se tyd, word die saak weer opgehaal. In 'n volksvergadering van die Gibeoniete eis hulle as 'n aanbod van versoening sewe kleinseuns van Saul om in die openbaar opgehang te word. Onder hulle is die twee seuns van Rispa, 'n bywyf van Saul. Sy tree heel beskeie op die voorgrond in haar moederliefde vir haar seuns. Sy pas naamlik haar twee seuns se lyke dag en nag op om vraatsugtige roofvoëls en nagdiere te verdryf. Op 'n kaal rotsplaat sit sy onder die warm son en snags trotseer sy die gevare. Dit, tesame met die smaad van mense, het sy gehoop op die barmhartigheid van die koning.

'n Duidelike profesie van Christus se koms. God se vaderliefde het meer gegee as Rispa - sy eniggebore Seun. Die twee seuns word wreed deur Dawid se soldate uit hulle ouerhuis geruk, maar Christus se koms is uit eie beweging.

Christus se geboorte dra die boodskap van Gods genade om in te tree by God tot volkome versoening.

Dr. J. van V. du Plessis (Welkom-Noord)

### ***Soek jy die Here of net sy seëninge?***

Wat soek jy in jou godsdiens? Waarom dien en aanbid jy die Here? Soek jy *HOM* met jou hele hart? Of soek jy sy seëninge net ter wille van jou eie voordeel?

Die Here toon in Hosea 7 aan dat sy volk *HOM* nie gesoek het nie. Hulle het net sy seëninge gesoek. Ondanks sy liefde vir hulle, het Hy geen plek in hulle lewens ingeneem nie. Maar toe hulle in die nood was, het hulle Hom om hulp geroep. Is dit nie ironies nie? Hulle wou niks van Hom weet nie. Maar toe daar nie koring en wyn was nie, het hulle weer op Hom teruggeval.

Die Here is egter nie jou laaste uitweg nie. Nee, Hy moet die begin wees in jou lewe, want jou lewe begin by Hom. Hy het jou gemaak en jou ook gekoop met die kosbare bloed van sy eie Seun. Daarom lê Hy deur sy Gees beslag op jou hele lewe. Hy moet dus die beginpunt van jou lewe wees.

Dit is ook wat ons Here Jesus gesê het "*Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee*" (Matt 6:33). Dit beteken: Begin by God. Erken Hom as die Koning oor jou hele lewe. In alles wat jy beplan en aanpak, vra jy eers na sy wil. Soek *HOM* met jou hele hart en jou hele lewe.

Hy waarborg dat Hy sy beloftes sal na kom. Sy seëninge sal nie uitbly nie.

Sing Psalm 9:1 en 9

Ds. C. Krüger (Nelspruit)



## 9 Maart

## Lukas 11:1-4

### ***Hoe bid ons?***

Hoeveel maal het u nie al teleurgesteld en gefrustreerd van u knieë af opgestaan nie?

Ons het miskien 'n aantal geyskte terme gebruik, ...maar het ek toe werklik gebid? En dan ook nog die gedagtes wat so maklik dwaal. Een van die dissipels het Jesus hoor bid en vra aan Hom: "Here leer ons bid..."

Moet 'n mens dan leer om te bid? Kom dit dan nie vanself nie? Dryf die nood jou dan nie na die gebed nie? Hoeveel gebede en uitroepe om hulp word nie daaglik gehoor nie? Dink maar net aan die heidene en almal wat vreemde gode aanhang. Christene moet egter onthou: Om te bid beteken nie om iets te bekom nie. Hoe dikwels faal ons nie, want dit gaan menigmaal hoofsaaklik maar om die daaglikse nood. Jesus leer sy dissipels in Matt 6:32: "Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het."

Ons word in hierdie lewe na Jesus Christus gedrywe, want nêrens anders vind 'n mens ware rus vir jou ontstemde gemoed vanweë die sonde nie. Gelowiges hoef God ook nie eers gunstig te stem nie; sy genade het Hy alreeds in Christus bewys. Jesus antwoord: "Wanneer julle bid, sê dan: Vader,..." Wonderlik! Wie mag sê vader? Gewoonlik is dit net 'n kind wat hierdie aanspreekvorm gebruik. Dit beteken, net diegene wat in Jesus Christus glo, mag nederig dankbaar deur Hom tot die Vader nader. Mag u, liewe leser, saam met u Verbondskinders hierdie Vader deur ons Here Jesus waaragtig ken!

Sing Skrifberyming 28:1

Ds. J. Kits (Carolina)

**10 Maart**

**Lukas 11:1-4**

***Hoe ons moet bid***

Op die vraag van die dissipel antwoord Jesus: "Wanneer julle bid, sê dan: Vader, laat u Naam geheilig word..." Dié Naam verteenwoordig God in sy Wese, soos Hy Hom geopenbaar het in die werk van skepping en verlossing.

Laat U koninkryk kom. Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons hoe langer hoe meer ons aan U onderwerp; bewaar en vermeerder u kerk; vernietig die werke van die duiwel.

Gee ons elke dag ons daaglikse brood. Ons behoeftes bly konstant, voorsien in U genade elke dag die nodige.

En vergewe ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree. Die Here vergewe nie omdat ons vergewe het nie, want sy vergiffenis is reeds in Christus gegee. 'n Onvergewensgesinde hart kan nooit God se vergiffenis aanvaar nie.

En laat ons nie in versoeking kom nie. Wil in U groot genade tog nie toelaat dat ons in geleenthede kom waar die sonde vir ons tot struikeling sal wees nie.

In Efes. 5 word gelowiges gewaarsku: "Wees baie versigtig hoe julle lewe... want ons lewe in 'n goddelose tyd."

Ook die Christene van Tessalonika word opgeroep in II Tes. 1:11: "Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het, en mag Hy deur sy krag julle liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome maak.:

As ons werklik deur ons Here Jesus geleer is, sal ons die rykdom van die gebed altyd ervaar.

Jesus Christus sê vir sy dissipels en alle gelowiges: "Wanneer julle bid, sê dan: Vader..."

Sing Skrifberyming 28:2-4

Ds. J. Kits (Carolina)

### ***Gebed van 'n kind of 'n vreemdeling?***

Al die elemente van 'n opregte gebed is hier. Maar dit is 'n onverhoorde gebed. Hoekom? Omdat dit net stemme is wat tot God roep wanneer daar nood is, maar hulle het hulle nie regtig tot God bekeer nie (Jer. 2:27). Teleurgesteld oor hulle onverhoorde gebede, beskuldig hulle die Here van iets waaraan hulle self skuldig is. Hulle beleef God as ontrou, terwyl hulle ontrou is. Hulle verhouding met God is soos reisigers en vreemdelinge wat mekaar nie regtig ken nie.

Hoe lyk hierdie vreemdeling en reisiger? Hy het tuis geword in die wêreld. Hy kom sy verbondsverpligtinge na, maar eintlik lê sy wil en gedagtes elders. Sy eie geestelike nood en die behoeftes van die gemeente ken hy nie meer nie. Die Here en sy Woord is nie meer so belangrik nie. Dan is hy teleurgesteld as sy gebed in krisis nie verhoor word nie.

Moenie 'n reg wat vir jou verkry is deur die bloed van Jesus Christus verruil nie. Deur sy opstanding het jy 'n nuwe lewe ontvang. Nie meer vreemdeling by God nie, maar nou vreemdeling in die wêreld (1 Pet 2:11). Reisiger deur die wêreld, maar kind in die huishouding van God. As jy tuis word in die wêreld, raak jy vervreemd van God. Dan beskuldig 'n mens maklik die Here van iets waaraan jyself skuldig is.

Bekeer jou daagliks, dan kan jy bid sonder dat iets jou hinder.

Sing Skrifberyming 33:1, 3

Ds. J.A.T. van Blerk (Magol)

12 Maart

Deuteronomium 3:21-29

(Teks: 3:25, 26)

### ***Onverhoorde gebede?***

Hierdie gedeelte in Deuteronomium vertel vir ons hoe die bidder van die Ou Testament se gebed nie verhoor is nie. Soveel keer het Moses as voorbidder vir die volk opgetree en sy gebed is verhoor. As hy egter bid om die vervulling van 'n hartsbegeerte, naamlik om oor te trek en die beloofde land te sien, word sy gebed nie verhoor nie.

Hoekom? Sy ongehoorsaamheid toe hy die rots geslaan het in plaas daarvan om te praat, het God kwaad gemaak. Toe het die Here gesê dat hy die beloofde land nie sal ingaan nie. Nou vra Moses nederig en ootmoedig: Laat my tog nou deur die Jordaan gaan om hierdie mooi land te gaan bekyk. 40 Jaar lank sien Moses in die woestyn uit daarna. Die antwoord van die Here is egter duidelik: "Moenie weer met My oor hierdie saak praat nie." *Bly Moses se gebed dan onverhoord?*

Nee, eeue later staan Moses en Elia in die beloofde land. Op die berg van verheerliking staan Moses, Elia en Christus (Matt 17:3). Honderde jare later verhoor God sy gebed, maar dan op God se manier, want nou het Moses 'n taak. Hy, as die Middelaar van die ou Verbond, moet die Middelaar van die Nuwe Verbond kom versterk sodat Jesus Christus vir ons sondes kan betaal. Alleen deur Christus se dood is die weg van gebed weer oop en kan ons tot ons Hemelse Vader nader.

Dit is die wonderlike troos vir elke gelowige. God hoor ons stamelende gebede. In Christus kan ek tot Hom kom as 'n kind van 'n Hemelse Vader. In sy stryd, beproewinge, swaarkry, hartseer, vreugde en blydschap is Hy die Vader wat verstaan. Dan kan ek altyd weet: God verhoor my gebede, maar dan op sy tyd en op sy wyse. Hy weet wanneer en wat ons nodig het.

Sing Psalm 68:13

Ds. P.A. Coetzee (Suidkus)

**13 Maart**

**Psalm 34:16-23**

(Teks: 34:19)

***Die Here is 'n naby-Here***

Hoe dikwels voel ons asof die Here oneindig ver van ons af is. Hoe maklik sê ons dan dat Hy ons verlaat het. Hoe gou voel ons eensaam en alleen, veral wanneer ons medegelowiges ons vergeet het.

In hierdie Psalm bely Dawid dit wat hy self prakties ervaar het in sy lewe, veral toe hy moes vlug vir Saul en hy hom kranksinnig moes hou by Abimelek. Dawid getuig hier dat hy en elke gelowige kan weet dat die Here naby sy kinders is. As ons moedeloos is, is die Here naby. As ons gebroke is weens siekte, lyde, ja watter beproewing ook al, dan weet ek, die Here is naby. As jy 'n dierbare aan die dood afgestaan het en stry met die verlange en eensaamheid kan jy ook weet: Die Here is naby.

Dit is ons troos elke dag: Die Here is nie ver nie; Hy is 'n naby-Here.

In die gebed is Hy naby; Hy luister as sy kinders na Hom roep; Hy hoor en verhoor.

'n Naby-Here wat Hom in Christus geopenbaar het met die troos wanneer Hyself verklaar: Ek is met julle tot aan die voleinding van die wêreld. Dit kan ons juis sê omdat Christus aan die kruis die vreeslike stryd van Godverlatenheid moes deurgaen. Hy het dit deurgegaan sodat ons nooit deur God verlaat sal word nie.

Hierdie gesindheid van die Here moet egter ook by ons as gelowiges wees. 'n Gesindheid om naby mekaar te wees in ons vreugde en droefheid. Mag ons naby-gelowiges vir mekaar wees, selfs deur 'n kort besoek of 'n telefoonoproep.

Vir wie gaan u vandag 'n naby-gelowige wees?

Sing Psalm 34:2

Ds. P.A. Coetzee (Suidkus)

**14 Maart**

**Matteus 6:5-15**

(Teks: 6:9)

***God is tegelykertyd ver en naby***

Baie mense leef roekeloos asof God te ver is om te sien of te hoor wat op die aarde aangaan. Hulle wil Hom ook nie naby hê nie. Party is kwaad vir God en wil met Hom baklei, maar hulle kan Hom nie bykom nie, nou baklei hulle maar met sy kerk. Die Satan maak ook so. Ons lees in Openbaring 12 dat hy die vrou vervolg wat die Kind in die wêreld gebring het. Vir sulke verharde sondaars is God inderdaad ver. Maar Hy is naby aan hulle met sy straf.

Vir die gelowige bidder is God baie naby. Hy is ons Vader. Sy arm is nooit te kort om te help nie (Jesaja 59:1). Jesus het ons kinders van God gemaak en daarom mag ons ook met God praat en Hom Vader noem. Dit beteken daar is 'n familieband; 'n liefdesband tussen ons en Hom. Hy is so naby dat ons maar net kan prewel of fluister of sug of in ons gedagtes met Hom praat, en Hy sal presies verstaan wat ons wil sê. Hy is 'n liefdevolle Vader wat ons wil seën en help.

En tog het ons soveel ontsag vir Hom. Hy is in die hemel en ons op die aarde. Hy is heilig en verhewe bo alle sonde. En daarom raak ons nooit familiêr met Hom nie. Onder beproewings kan ons in gebed met God worstel, maar nooit met Hom twis in opstandigheid nie. Hy is en bly God, ons Vader wat naby aan sy kind is, maar tog ook in die hemel is.

Sing Skrifberyming 28:1

Ds. C.J.C. Roets (Witpoortjie)

15 Maart

1 Petrus 5:1-10

(Teks: 5:7)

### ***Wat van my bekommernisse?***

Bekommernisse, angste, kwellings. Wie van ons ken dit nie? Wat gaan tog in my skoolksamen gebeur? Wat gaan van my word - my beste maat gaan verhuis? Hoe lank gaan ek nog 'n werk hê? Wat gaan van my word as my man of vrou of kind wat siek is moet doodgaan? Gaan my pensioen enduit in my lewe genoegsaam wees?

Die woord bekommernis hang nou saam met 'n werkwoord wat beteken verdeel. Is dit nie presies wat bekommernisse met ons doen nie? Dit verdeel my aandag. Gedurig is ek in my gedagtes daarmee besig. Ek kan nie meer op my werk konsentreer nie. Ek kan God self nie meer voluit en met onverdeelde aandag dien nie. Dit maak my moedeloos, moeg en gebruik al my energie. Op 'n sluwe wyse gebruik die duiwel dit om my aandag weg te hou van die Here wat vir my sorg.

Nee, "Werp al julle bekommernisse op Hom." Toe Jesus op die donkie Jerusalem binnegery het, is dieselfde woord vir werp gebruik toe hulle klere op die donkie se rug gegooi het. Al ons bekommernisse moet ons na die Here toe "gooi", met beslistheid, met geloof, met vertrouwe. Waarom? Want Hy sorg vir ons, sy kinders.

Hy is nie veraf en onbetrokke nie, Hy vergeet my nie en laat my nie aan myself oor nie. Hy is soewerein en regeer oor my hele lewe, ook vandag. Daarin moet ek rus vind. Hy lei my deur sy Heilige Gees weg van angs en kwelling na sy vrede. Hy kan en wil my so versorg omdat Jesus Christus in sy grootste angs en kommer geen rus kon vind nie, maar uitgeroep het: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" (Matt 27:46).

Sing Psalm 138:4

Ds. L. du P. van der Vyver (Roodepoort)

16 Maart

Josua 14

(Teks: 14:12, 15)

***"Gee my dan nou hierdie bergland"***

Kaleb was 'n ou man van in die tagtig toe hy hierdie versoek aan Josua gerig het. Hierdie bergland waarvan hier gepraat word, was nie die lekkerste stukkie aftree-grond wat 'n man in sy ouderdom kon kry nie. Maar Kaleb vra dit want dit is aan hom belowe (14:6). Hierdie stuk grond was die gebied waar die reuse gewoon het wat juis die oorsaak was dat die hart van die kinders van Israel versmelt het (lees Num. 14). Waarom vra hy in sy ouderdom juis die grond? Vers 12 sê: miskien sal die Here met my wees sodat ek hulle kan verdrywe soos die Here gespreek het. Daar hoor ons dit. Kaleb wou juis Hebron toe om die reuse aan te vat wat die oorsaak was dat sy volk opgesien het om die land Kanaän in te trek.

Kaleb is 'n voorbeeld van manmoed, van geloofskrag waarmee hy geïnspireer is en wat ook destyds in sy hart gelewe het toe hulle die land Kanaän gaan bespied het. Hy het ook al die bedreiging geken maar hy het geglo dat God sy beloftes aan hulle waar sal maak. Hoor hoe het hy destyds gepleit by sy volk. (Lees Numeri 14:9.) Hulle het nie na hom geluister nie. Daarom het die Here hulle veertig jaar lank in die woestyn laat swerwe en nou, na meer as veertig jaar, lewe hy nog en sit hy sy voet soos hy geglo het in die beloofde land. Hy sê self: Ek is nog net so sterk soos destyds.

Watter geloofsmoed straal nie uit sy mond nie!

Gee my daardie bergland: Ons lees in Josua 14:15 hierdie kort sinnetjie: *"En die land het gerus van oorlog."* Kaleb het sy grond gekry en die Here was met hom soos hy geglo het.

Hoe glo ons in die Here?

Watter pragtige beloftes het die Here in Christus nie aan ons gemaak nie?

Hoe glo ons dit?

Hou ons God se beloftes vas tot in die hoë ouderdom?

Hou ons ook in krisistye soos waarin ons woon dit altyd vas:

Die Here sal met ons wees; Hy sal ons nie begewe of verlaat nie. Sulke mense sien soos Kaleb in die ouderdom nog vir die onmoontlike kans.

Sing Psalm 91:8

Ds. J.C. Buys (Johannesburg-Suid)



17 Maart

Johannes 1:43-47

### ***'n Israeliet sonder bedrog***

Twee dinge in verband met die roeping van Natanael laat 'n mens aan Jakob dink. Jakob was immers die eerste Israeliet (Gen. 32:28), en Jakob se droom by Bet-El (Gen. 28:12) word in vers 51 aan Natanael belowe (*die hemele geopen en engele wat op- en afklim*).

Tog is Jakob en Natanael teenpole. Jesus beskryf Natanael as 'n man sonder bedrog. Jakob daarteenoor, was 'n aardsbedrieër. Hy was 'n hakskeengryper van geboorte af en 'n seëndief. Jakob se leuse was: "God help diegene wat hulleself help". Jakob wou met listige planne vir homself sorg.

Van nature is ons almal sulke selfdoen-mense; gereed om die troon te bestyg en om (ten koste van andere) oor ons eie lewens te regeer. Dit loop altyd uit op 'n hopelose mislukking. Bedrieërs word vroeër of later self bedrieg (Gen. 37:31-32). Dit is 'n ramp as 'n slaaf koning word (Spr. 30:22).

Natanael het die Koningsheerskappy van God in sy lewe ERKEN. Hy het aan God oorgegee. Hierdie oorgawe aan die ware Koning van die lewe kom nie vanself nie. Dit kos stryd. Eers as Jakob hinkepink maar geseënd uit daardie arena klim, word hy *Israel* genoem (Gen. 32:24-31).

*Ware Israeliete* word ons net as ons oorgee aan die ware Koning. 'n *Ware Israeliet* is iemand in wie daar deur God se genade geen Jakob meer is nie.

Geseënd is daarom hulle wat weet HOE afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel (Matt 5:3).

Sing Psalm 105:4,6

Ds. W.C. Vergeer (Randfontein-Noord)

**18 Maart**

**Jeremia 17:5-13**

(Teks: 17:5-8)

***'n Groen boom of 'n kaal bossie?***

Op wie of wat vertrou u in die lewe? Op God of op iets anders?

Jeremia leer dat daar twee soorte mense is, naamlik dié wat op God vertrou en dié wat op mense vertrou. Hy gee ook kortliks 'n beskrywing van elkeen van die twee soorte mense (vergelyk ook Psalm 1).

Die wat op God vertrou, is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels uitstoot na die stroom toe. Die boom voel nie die hitte nie en het altyd groen blare terwyl 'n droogte hom nie raak nie. Die boom is ook altyd produktief omdat hy vrugte dra (vers 7, 8). Jeremia se slotsom is: Dit gaan goed met die mens wat sy vertrou in die Here stel.

Hoe lyk diegene wat op mense vertrou?

Hulle is soos 'n kaal bossie in 'n dor wêreld wat nooit water kry nie - 'n bossie in 'n klipwoestyn en 'n brak en verlate wêreld. Daar rus 'n vloek op hulle wat van God af wegdraai en hul hoop op mense stel (verse 5,6).

Hierdie deel leer ons om op God te vertrou. Ja, selfs onder die moeilikste omstandighede sorg Christus vir sy kinders. Alles werk ten goede mee vir die Christene. Niks kan ons ook skei van God se liefde wat daar in Christus vir ons is nie.

Is u 'n groen boom... of 'n kaal bossie?

Sing Psalm 1:1,2, 3 en 4

Ds. W. Vogel (Welkom)

**19 Maart**

**Psalm 112**

(Teks: 112:7)

***Geruste nag!***

'n Mens kan nie slaap as jy onrustig is nie, nie waar nie? En daar is so baie redes waarom ons onrustig kan wees: bekommernis oor my gesin en familie, probleme, onsekerheid, skuldgevoelens... 'n Goeienagwens mag nog so goed bedoel wees, maar dit neem nie ongerustheid weg nie.

Psalm 112 sing van die seëninge en die genadegawes van die Here wat die lewe van sy kinders van hoek tot kant vul. Een daarvan is gerustheid. Daarmee bedoel die digter nie dat 'n mens moet maak asof daar niks is om oor ongerus te wees nie. Nee, 'n gelowige kan gerus wees, maar net omdat hy op die Here vertrou! Die Here bestuur en beskik en dra ons. Hy is die getroue Verbondsgod wat heerlike beloftes van sorg en liefde waar maak. Vrees is die wortel van onrus, maar op so 'n fondament moet ons nie bou nie. Ons moet bou op die onwankelbare trou van ons hemelse Vader wat vandag en vannag en môre met ons is.

Ons hoef selfs nie vir slegte tyding te vrees nie - die Here beskik alles ten goede. Buitendien, vandag is nie 'n dag vir slegte nuus nie, maar wel vir die goeie nuus van die evangelie van Jesus Christus: Hy is die Saligmaker, die Verlosser. Met hierdie goeie nuus in jou oor en hart kan jy maar gerus wees, want die Here Jesus het gekom om vrede in jou hart te bring. Stel jou volle vertroue in die Here, dan sal jy, ten minste in jou gemoed, 'n rustige nag hê.

Sing Psalm 121

Ds. A.H. Mulder (Krugersdorp)

20 Maart

Johannes 13:1,2,12-17

(Teks: 13:17)

***"Veels geluk: Jy's tot slaaf bevorder!"***

Jesus het so pas die werk van 'n slaaf gedoen. Hy kon dit doen omdat hy 'n "gesonde selfbeeld" gehad het (vers 1,2). Hy het geweet voete-was kan niks van wie en wat Hy is, wegvat nie. Sy dissipels was onseker van hulself en het daarom jaloers gewaak om hul eie status te bewaar en te verhoog. Ander moes hul voete was en daardeur erken dat hulle meerderwaardig was. Hul "selfbeeld" was afhanklik van wat mense doen en sê.

Maar nou kom Jesus en sê sy volgelinge moet soos hy maak: voete-was, ander bedien, hul "status" prysgee. Dit is die kenmerk van die egtheid van hul (weder)geboorte in die familie van God. Sulke mense ag hulleself nie hoër as hul Heer nie. Hulle eer is om te doen wat Hy gedoen het.

Natuurlik druis dit in teen ons menslike aard. Ons wil bedien word. Ons wil erken word as beter as ander. Dit is slegs die werk van die Heilige Gees wat ons so nuut kan laat dink en doen dat ons gelukkig is om tot slaaf bevorder te word. Maar dit was vir Paulus en Petrus die kenmerk van die wedergebore mense (1 Kor. 7:22; 1 Pet 1:19). Jakobus, die Here se broer, stel homself aan sy lesers bekend as die slaaf van God en die Here Jesus. Dus: Om tot slaaf bevorder te word is die voorreg en eer slegs van die wat deur God verkies, geroep en gekoop is. Is jy gelukkig om so 'n slaaf te wees? Is dit jou eretitel? Of probeer jy nog altyd aanspraak maak om bedien te word? Dan is dit nie snaaks dat jy bitter ongelukkig is nie.

Sing Skrifberyming 16:1,3,9,10

Ds. D.C. Coetsee (Noordrand)

21 Maart

1 Johannes 2:1-9

(Teks: 2:6)

### *In die groot spore*

Ons teksvers noem 'n voorbeeld wat ons moet navolg. Leef soos Jesus. Wat 'n geweldige opdrag!

Jesus se lewe stel standarde wat baie mense al deur die eeue probeer navolg het:

Christus se integriteit.

Sy liefde vir sy dissipels.

Dink aan Jesus se dapperheid om die kruis tegemoet te gaan - selfs toe Hy weet watter dood op Hom wag. Dink aan sy totale gehoorsaamheid aan sy roeping.

Om Jesus egter net as merkwaardige voorbeeld te sien, sal ons nie by die lewe uitbring nie. Ons teksgedeelte sê die wat Hom moet navolg, is hulle wat in Hom bly. Dus: Wie is die enigste wat werklik kan probeer om Hom te volg?

Hulle wat Hom as Verlosser ken. Hy is die Woord wat mens geword het om lewe te gee, sê Johannes. Jesus is die enigste ware oorsprong van lewe en lewensverandering.

Net vir 'n gelowige maak dit sin om te sê: Leef soos Jesus. Net die Heilige Gees kan deur geloof hierdie moontlikheid skep in 'n dankbare, verlose lewe.

Selfs Jesus se mooi voorbeeld sal niks help vir iemand wat die Lewe nie ken nie, of net beweer dat hy dit ken. Net die Heilige Gees, wat lewe uit sondedood wek, kan ons lewe verander. Omdat die Gees ons lewe bestuur, maak dit sin dat God gehoorsaamheid eis. Omdat ons kinders van God is, en Hy ons liefhet, moet ons sy voorbeeld volg (Ef. 5:1).

Doen dit. Dit is u opdrag. Dit moet die drang van u hart wees.

Doen dit. Jesus het vir u gesterf. Hy bedek ook ons skuld wanneer ons tree te kort is om sy spore by te kom.

Sing Psalm 119:1,2 en 7      Ds. K.A. Janse van Rensburg (Kaapstad)

**22 Maart**

**3 Johannes 1:8**

(Teks: vers 2)

### ***Gesondheid***

Sê ons nie veelal die omgekeerde nie? Ek hoop dit gaan geestelik met my kind goed soos dit in alle opsigte (stoflik en die gesondheid) met hom gaan. Trouens, met wie gaan dit geestelik só goed dat dit die maatstaf is vir tydelike voorspoed en welvaart?

Wel, met Gaius.

Maar wat beteken geestelik goedgaan?

Vers 3 gee die antwoord: Gaius is trou aan die waarheid. En die waarheid is 'n Persoon, Jesus Christus wat gesterf en opgestaan het om Gaius en alle gelowiges te red. Aan Hom, soos Hy in die Evangelie verkondig word, was Gaius getrou; hy het die Evangelie omhels in die geloof, dit bely en hom nie geskaam daarvoor nie.

Dog dis nie al nie!

Gaius - so vervolg vers 3 - lewe in die waarheid.

Ons weet wat dit beteken om die waarheid te praat, maar daarin lewe, daarin wandel? Verse 5 en 6 werp lig hierop.

Gaius het - onbekende! - medegelowiges, reisende predikers in sy huis opgeneem en hulle versorg - só het hy liefgehad.

'In die waarheid lewe' beteken dus om vanuit die trou aan en die geloofsverbondenheid met die waarheid, Christus, die medegelowiges lief te hê en te dien.

Nou hoop die skrywer, dit is 'n heilige wens, dat dit met Gaius se gesondheid en in alle opsigte (stoflik) goed mag gaan met hom. Die stoflike en die geestelike is nie teenstellings nie. Êrens sê die apostel Paulus hy weet wat dit is om oorfloed te hê. En hoe belangrik is gesondheid nie! Dit word eerste genoem in vers 2. Bowendien, as Gaius dit materieel goed het, kan hy sy liefdesdiens aan die gelowiges voortsit.

Omdat dit egter geestelik met hom goed gaan, daarom wens die oud-ste hom die ander dinge toe!

U mag bid vir gesondheid, vir stoflike vooruitgang en seën op u onderneming sodat u daarvan mag geniet en ander kan help, maar gaan dit met u geestelik goed?

Sing Skrifberyming 49:1,2

Ds. H.M. Grobler (Potchefstroom-Oos)

23 Maart

Johannes 13:1-16; 31-35

(Teks: 13:34)

### *Liefde soos dié van Christus*

'n Mens kon die stomme verbasing op die gesigte van die dissipels sien toe Jesus van die tafel opstaan en gereed maak om hul voete te was. Dit was die gewoonte in daardie tyd om die gaste se voete te was as hulle by die tafel aamlê. Dit is gewoonlik die slaaf of die kleinste in die gesin se werk. Maar nie een van die dissipels het daarvoor kans gesien nie. Hul twis dan juis onder mekaar wie die belangrikste is!

Kon Christus dit beter illustreer dat ware liefde nederig is en uitreik na nader? Christus se hele lewe op aarde was 'n toonbeeld van hierdie liefde. Hy het mense met ongekende liefde omvou as Hy vermaan, as Hy dien en help. Selfs in die heel donkerste oomblikke aan die kruis, skitter sy liefde. Hy bid vir die Jode en Romeine wat Hom kruisig (Luk 23:34). Hy skenk vergewing aan sy mede-gekruisigde - 'n rower met 'n gruwelike lewe agter die blad (Luk 23:43). In sterwenspyn het Hy nog tyd om sy moeder aan die sorg van Johannes toe te vertrou (Joh. 19:27).

En ons?

Christus het ons al liefgehad toe ons nog sondaars - sy vyande! - was (Rom. 5:8,10).

Vir sulke mense - jy en ek - gee Christus 'n nuwe gebod: "Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê (Joh. 13:34).

Vandag nog gaan jy baie geleentheid kry om dit daadwerklik te beoefen.

Sing Psalm 33:1

Ds. A.P.C. Duvenage (Bultfontein)

### ***Leef uit die genade***

Ons praat so maklik oor die genade van God, maar leef ons ook uit hierdie genade? In sy genade het God 'n ruil bewerk: Ons sonde word op Christus gelê en die geregtigheid van God op ons. So kry ons deel aan die versoeningswerk. Ons is begenadigdes. In sy genade het God my in Christus sy kind gemaak.

Die aanvaarding van hierdie versoening moet egter 'n praktiese uitwerking in die daaglikse lewe van die gelowige hê. Die genade wat in Christus ontvang is moet iets aan die praktyk van my lewe verander. En dit moet nou gebeur, nie eers wag nie. Wie die genade ontvang het, moet ook doen. Die gelowige is 'n bedienaar van die versoening. Ons optrede as gelowiges mag nie mense afskrik om Christus te volg nie. Die genade wat ek in Christus ontvang het, bring:

- *'n Onberispelike lewe:* Deur die bloed van Christus is ek skoon gewas. Ek moet dus heilig lewe, want God is heilig. My motiewe moet suiwer wees, my hande onbevlek en my gewete onbelas.
- *'n Lewe met begrip:* Ek soek God se wil. Deur die verliggende werk van die Heilige Gees bestudeer ek God se wil soos geopenbaar in sy Woord. In hierdie wil verkondig ek orals, ek leef dit.
- *Verdraagsaamheid:* Verdra geduldig en wag. Liefde is geduldig.
- *Vriendelikheid:* Jy tree so op dat jy ander nader trek. Vriendelikheid is die vrug van die Gees.

In sy genade stel God ons in staat om te leef soos sy kinders:

- Deur die Heilige Gees word ons gelei in ons denke, gevoelens en wil
- God se liefde dring ons
- Die Woord is 'n wapen vir aanval en verdediging

Leef uit die genade van God, want dan sal jy rus, vrede en sekerheid hê.

Sing Psalm 145:1,2,12

Ds. T.C. de Klerk (Vryheid)



## 25 Maart

## Psalm 21 (Teks: 27:13)

### *Om te glo...*

Besef ons elke dag die wonder en die waarde van "om te glo?" Miskien besef ons dit nie as dit met ons goed gaan en alles elke dag voorspoedig verloop nie. Dikwels is dit eers wanneer die beproewinge kom en dit donker word rondom ons dat ons die wonder, om te glo, besef en waardeer.

Psalm 27 is vir ons almal seker een van die mooiste psalms in die Bybel. Dawid jubel dit uit "Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?" (vers 1).

Het u al Psalm 27 mooi gelees? Ons hoor Dawid in hierdie psalm praat van: "As misdadigers op my afstorm om my dood te maak, my teëstanders en my vyande..." (vers 2). In vers 3 sê hy: "Al sou 'n leër teen my stelling inneem..." In vers 12: "Moet my tog nie oorgee aan die venyn van my teëstanders nie, want daar staan valse getuies teenoor my en hulle blaas geweld teen my aan."

Hoor u? Dawid praat van misdadigers, teëstanders, vyande, valse getuies en geweldenaars, en let op, almal in die meervoud. Meervoudige vyande bedreig hom en hy staan alleen. Begryp u die diepte van sy beproewing? Man alleen moet hy sy teëstanders en vyande en geweldenaars trotseer. Is dit moontlik?

Onder hierdie benouende omstandighede hoor ons die skoonste geloofstaal uit Dawid se mond: "As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie...!" (vers 13). Sy geloof in die Here versterk hom. As dit nie vir sy geloof was nie, dan was dit met hom gedaan. Dit is wat hierdie onvoltooide vers 13 eintlik wil sê. En nou verstaan ons ook waarom hy die psalm begin met "Die Here is my lig en my redder..., die Here is my toevlug..."

Om te glo, verander alles. Dit laat die lig deurbreek deur die donkerste dag van my lewe; dit open hemelse perspektiewe en laat my die onsienlike sien. Dank die Here vir hierdie hemelse gawe. Hoe arm sou ons nie daarsonder gewees het nie!

Sing Psalm 27:6

Ds. P.J. van der Walt (Bethlehem)

26 Maart

Romeine 4:13-25

(Teks: 4:21)

### ***God maak die onmoontlike moontlik!***

Hoe dink jy oor God? Die manier hoe ons praat, verrai dikwels hoe ons oor God dink. Ons sê maklik: "My probleem, my hartseer is net te groot. Niemand kan help nie."

Kom kyk weer na Abraham se lewensomstandighede: Aan die een kant die *hopeloosheid* van sy situasie; aan die ander kant die *hoopvolheid* van die geloofsmen. Hy was 'n ou man van sowat honderd jaar wie se liggaam reeds gedaan was. Letterlik staan hier: Sy liggaam het reeds *gesterf!* En Sara? Sy was te oud om kinders te hê. Die oorspronklike taal praat van die *doodsheid* van haar moederskoot! Maar ten spyte van hul omstandighede, "het hy nie in ongeloof begin twyfel aan die beloftes van God nie".

Hoe kry hy dit reg? Was hy dalk iets soos 'n "super-gelowige" - iemand wat ons maar net kan droom om te wees? Nee! (*lees vers 21*). Hy het hom nie blind gestaar teen sy hopelose situasie nie. Hy het, met sy geloofsoë, dwarsdeur dit gekyk en 'n ander Werklikheid raakgesien - die Almagtige God, die God wat dooies lewend maak en dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur sy woord. En dan gebeur die wonder: God se belofte oor sy talryke nageslag word bewaarheid.

Abraham het reg oor God gedink. Hy het 'n geloofsvisie op Hom gehad. Hy het God op sy woord geneem.

Jy het ook beloftes van God ontvang - die belofte van Jesus Christus se oorwinning oor dood en doodsmagte, van die Heilige Gees, dat Hy sy kinders enduit sal bewaar.

Neem God op sy beloftes, die God wat die onmoontlike moontlik maak.

Sing Psalm 33:5

Ds. H.C. van Rooy (Bethulie)

27 Maart

Hebreërs 11:1-7

(Teks: 11:1, 7)

***Is geloof nie dalk roekeloosheid nie?***

Iemand wat in die Here glo, tree dikwels lynreg teen die sogenaamde eise van die werklikhede op. Noag het byvoorbeeld destyds 'n reuse skip op droë grond begin gebou. Natuurlik sou mense hulle koppe skud en hom met agterdog aankyk!

Jesus het sy dissipels ook geleer om nie op menslike insig of op eie kragte staat te maak nie. Hy het gesê: *"Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word; seën die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word"* (Luk 6:27 en 28).

Hoe kry jy dit reg om so teen die stroom van die "normale lewenswyse" in op te tree? Hoe kry 'n mens dit reg om jou vyand lief te hê in plaas van om hom te haat? Hoe het Noag dit reg gekry om, teen alle logika in, die ark te bou?

Geloof is die antwoord!

Om te glo is om onder leiding van die Heilige Gees *"seker te wees van die dinge wat ons hoop en om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."*

So is ons *seker* van ons verlossing in Christus. So is ons ook *oortuig* van ons plek in die ewige heerlikheid van die Vaderhuis.

Geloof is nie roekeloos nie, geloof laat jou met vaste vertrouwe op die Here optree.

Sing Psalm 84:6

Ds. D J. de Kock (Pietersburg-Suid)

28 Maart

Psalm 17  
(Teks: 17:3)

### ***Ek vind myself onskuldig***

Kan 'n mens so-iets sê soos Dawid? As God hom selfs in sy slaap sou toets, wanneer hy nie 'n front kan voorhou nie, dan sal daar niks verkeerds by hom wees nie. "Ek is onskuldig!" Hy sê ook op ander plekke soortgelyke dinge, byvoorbeeld in Ps. 18 - die sogenaamde onskuldpsalms.

Ons weet tog van Dawid se sonde van moord en egbreek! Johannes sê immers ook in sy eerste brief dat ons onself mislei as ons sou beweer dat ons nie sonde het nie. Dawid bely tog self ook op ander plekke, byvoorbeeld in Ps. 69 dat hy 'n sondige mens is.

Die oplossing is dat 'n mens nooit mag wegstroom van jou sonde en die hartgrondige belydenis daarvan nie. Maar jy hoef nie en mag nie daarby bly staan nie! Hand aan hand met die besef van jou sonde gaan jou geloof in die God wat vergewe. So volkome is sy vergifnis dat Hy nooit meer aan my sonde wil dink nie. Hy was my skoon van my skuld, Hy reinig my van my sonde. As ek my soos Dawid voor God verootmoedig oor my sonde, ontvang ek in my diepste wese die versekering dat dit deur die offer van Christus uitgewis is en kan ek ook roem: Ek vind myself onskuldig. U kan my ook maar ondersoek en sal niks verkeerds vind nie!

Die Seun van Dawid het my sonde weggeneem! Nou moet ek verder net elke oomblik van my lewe my sonde hartgrondig ken, dit bely, en dan die bevryding ervaar van die verlossing!

Sing Skrifberyming 43:4,5,6Ds. P.J.W.S. van der Westhuizen  
(Windhoek)

29 Maart

Openbaring 2:1-7

(Teks: 2:7)

### ***Oorwinnaars het ewige gemeenskap met Christus***

Christus het vir die oorwinnaars in die gemeentes van Klein Asië besondere beloftes. Dit is vandag nog geldig. In elke gemeente is daar verloorders en oorwinnaars.

Uit onself is ons verloorders omdat ons God nie liefhet nie (vers 4). Eers wanneer ons God bo alles liefhet kan ons oorwinnaars wees. Alleen die Heilige Gees kan ons hierdie liefde gee. Dan word ons eintlik meer as oorwinnaars deur Christus wat ons liefhet.

'n Oorwinnaar volhard. Hy gee nie moed op nie. Hy hou aan om te veg teen die sonde, ook die sonde van liefdeloosheid.

In 'n wêreld vol van haat, ongeduld en wetteloosheid roep God ons om as oorwinnaars die kwaad te oorwin - nie deur swaard en geweld nie, maar deur die liefde - die liefde oorwin alles. Dit oorwin die kwaad, ook al die kwaad en kankers in ons samelewing vandag.

As oorwinnaars ontvang ons die belofte van die ewige gemeenskap met God. Hy en sy wat die oorwinning behaal sal as't ware uit Christus se hand eet. Hy sal hulle voed met die vrugte van die boom van die lewe in die paradys van God, dit wil sê hulle sal vir ewig in tere gemeenskap met Hom lewe. Vandag reeds kan ons dit in beginsel ervaar en hierna ten volle.

As u God liefhet met warme liefde wat ook sigbaar word in daade teenoor u medemens sal u sy gemeenskap in heerlikheid en volheid ervaar.

Dan sal ons vir altyd by die Here wees.

Sing Skrifberyming 33:2

Ds. G.A. Hattingh (Johannesburg)

**30 Maart**

**Matteus 16:21-23**

(Teks: 16:21)

### ***Die eerste lydensaankondiging***

Jesus en sy dissipels bevind hulle in die ver Noorde in die lieflike landstreek van Sesarea Filippi. Hulle het hierheen uitgewyk om 'n paar dae in die heerlike omgewing te rus. Noord van hulle troon die berg Hermon met sy sneeubedekte kruin. Vlakby hulle ontspring die Jordaan - 'n volbloed-rivier wat uit die aarde borrel. Dit is vroeë lente. Die natuur juig.

Noudat Petrus sopas sy geloof in Jesus as Messias bely het, ag Jesus die tyd ryp om hulle te begin voorberei op sy aanstaande lyde en dood. Maar ook dat Hy op die derde dag uit die dood opgewek sal word.

Vir die vurige Petrus is dit ondenkbaar. Hy neem Jesus opsy en berispe Hom. "Mag God dit verhoed!" (Matt 16:22). Petrus kan nie lyde rym met die politieke Messias wat hy en die ander dissipels verwag nie. Hulle wil 'n magsfiguur as Messias hê: een wat hulle met krag en geweld van die Romeinse oorheersing kan verlos.

Dan antwoord Jesus Petrus: "Moenie in my pad staan nie, Satan...! Jy dink nie aan wat God wil hê nie maar aan wat die mense wil hê" (Matt 16:23).

En toe sê Jesus vir sy dissipels: "As iemand agter My aan wil kom, moet Hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg" (Matt 16:24).

Hoe goed het Jesus vooruit van die kruis wat Hy moet dra, geweet. Net so goed weet Hy ook van die kruis wat God jou opgelê het As ons Borg het Hy met sy lyde die angel uit ons lyde weggeneem. Sy lyde was betaling vir ons sonde. Ons lyde is loutering van ons geloof. Dra vandag deur die krag van sy Heilige Gees die kruis wat Hy jou opgelê, met blymoedigheid.

Sing Psalm 42:4, 5

Prof. P.W. Buys (Emeritus)

### *Die verheerliking op die berg*

Jesus, Petrus, Johannes en Jakobus het waarskynlik die middag teen een van die hoë voetewels van die berg Hermon uitgeklim. Toe dit aand word, het die dissipels aan die slaap geraak.

In die stilte van die berghoogte het Jesus gebid. Met groot inspanning gebid. So intens gebid dat sy gesig begin straal het soos die son, en sy kleres wit geword het soos die lig (Matt 17:2).

Skielik het twee manne uit die hemel aan Hom verskyn: Moses, die wetgewer en Elia die wetshandhawer.

Hulle het met Jesus gepraat oor sy uittog wat Hy in Jerusalem sou voltooi. Die Griekse woord wat met "uittog" vertaal is, is die woord eksodus.

- Moses het 'n eksodus uit Egipte beleef.
- Elia het met sy hemelvaart 'n eksodus uit hierdie wêreld beleef.
- En nou praat hulle met Jesus oor sy eksodus wat Hy in Jerusalem moet voltooi.

Die evangelieskrywers sê nie aan ons wat presies hierdie twee manne vir Jesus oor sy eksodus in Jerusalem gesê het nie. Maar ons, wat die volledige verhaal oor Jesus se eksodus besit, weet wat hierdie eksodus was: dit het geloop deur Getsemane, oor Gabbata na Golgota, die graf in Josef se tuin, tot by die hemelvaart vanaf die Olyfberg.

Dit was 'n noodsaaklike, borgtogtelike eksodus: in ons plek en om ons ontwil. As Jesus die wet van God wil volbring, moet Hy hierdie ontsettende eksodus voltooi.

Deur hierdie eksodus van Jesus neem Hy ons almal wat deur die werking van sy Gees in Hom glo, saam met Hom uit die slawehuis van sonde, dood en hel na die ewige lewe in sy hemelse koninkryk. Leef dan vandag deur die krag van sy Gees as 'n verlose kind van die Here!

Sing Psalm 31:15

Prof. P.W. Buys (Emeritus)